Sondag 12 November 2023 Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Lied 417:1-2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels
Die wet soos ons dit bely
Selfondersoek
Lied 442:1-2
Gebed
Kinderkerk word verskoon.
Lied 254:1 (x2)
Skriflesing: Rom. 12:9-21 (83 AV)
Tema: Hoe lyk liefde in die praktyk?
Preek
Gebed
Belydenis van geloof
Ps 20-1:2, 4 & 5 (Melodie – Lied 602)
Dankoffer vir die diens van barmhartigheid
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Hoe lyk liefde in die praktyk?**

**Inleiding**

**A: Hoe lyk liefde in die praktyk?**

1. Die liefde moet opreg wees. (v. 9)
2. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar. (v. 10)
3. Bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. (v. 10)
4. Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. (v. 13)
5. Wees selfs lief vir die wat lelik met jou is.
    a. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. (v. 14)
    b. As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. (v. 20)
    c. Liefde wag nie vir gevoelens nie. (v. 20)
6. Jy wys liefde deur meelewing.
    a. Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. (v. 15)
7. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. (v. 16)
8. Liefde hanteer konflik.
    a. Wees eensgesind onder mekaar. (v. 16)
    b. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. (v. 17)
    c. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. (v. 18)
    d. Liefde los die wraak vir God. (v. 19)
9. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. (v. 21)

**Slot**